

SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting



Naam en van: Diederick Basson

Universiteit: NWU (Potchefstroom)

Meesters:

Doktoraal:

Postdok:

Studierigting: Musiek

**Titel van proefskrif of
Verhandeling:**

Die invloed van Sinodebesluite op die Psalm as Kerklied in die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

Datum van afhandeling: Mei 2016

Uitslag: Geslaag

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomst van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

In hierdie studie is 'n ondersoek gedoen om te bepaal tot watter mate die algemene sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) se amptelike standpunte ten opsigte van die psalm as kerklied die gebruik daarvan in die erediens van Afrikaanssprekende gemeentes van die GKSA beïnvloed.

'n Empiriese ondersoek onder 274 Afrikaanssprekende gemeentes van die GKSA na die psalmgebruik in die erediens, asook predikante, orreliste en gemeentelede se ervaring van die psalms toon dat die psalms in die goedgekeurde 1937-beryming en 2001-omdigting nie optimaal in die erediens benut word nie en dat daar weerstand teen veral die 2001-omdigting bestaan. Die meerderheid van respondente het ook aangedui dat hulle nie positief oor sinodebesluite met betrekking tot die psalm is nie.

Die resultate van die empiriese studie is vergelyk met dié van 'n ondersoek na GKSA-sinodebesluite vanaf 1862-2012. Dit blyk dat die gebruik van die psalm in die erediens wel deur sinodebesluite beïnvloed word. Daar bestaan duidelike leemtes in sinodebesluite deurdat daar nie 'n betroubare, objektiewe sisteem bestaan waarmee psalms beoordeel kan word nie. Verder kom dit voor dat besluite wat geneem word nie die musikale profiel van belydende en dooplidmate in ag neem nie.

Die optimale benutting van al 150 psalms sal 'n bereikbare ideaal wees indien die sinode daadwerklik probeer om 'n bruikbare, singbare psalmidroom te vestig wat nie net Skriftuurlik suiwer is nie, maar wat ook die musikale profiel van belydende en dooplidmate in ag neem.